16. EKUMENISITEIT EN OWERHEID
16. ECUMENICITY AND AUTHORITIES

16.1 RAPPORT DEPUTATE EKUMENISITEIT – OWERHEID (Artt 23, 276)

16.1 REPORT DEPUTIES ECUMENICITY – AUTHORITIES (Arts 23, 276)

A. Ds C Aucamp stel die Rapport.
Rev C Aucamp tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 3.2.12 word terug verwys om nader toeligting oor die besluit te gee.
Decision: Point 3.2.12 referred to give further elucidation of the decision.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag Die Sinode wys weer Deputate aan met die volgende opdrag: 3.1.3.1 om namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika te onderhou. 3.1.3.2 om te skakel met organe van die burgerlike samelewing waar getuienis of samewerking bevorderlik sal wees vir kerk en koninkryk in Suid-Afrika. 3.1.3.3 om kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede. 3.1.3.4 om met die "Parlementêre Lessenaar" van die NG Kerk saam te werk. 3.1.3.5 om wetgewing en die uitvoering daarvan te monitor en indien nodig, in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek op die mees effektiewe wyse daarop kommentaar lewer. 3.1.3.6 om, wanneer nodig, in gesprek te tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv die Openbare Beskermer, die Kommissie vir Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Menseregte-kommissie. 3.1.3.7 om, waar nodig, met ander Deputategroepe te skakel sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking	**1. Mandate** 1.1 Synod appoints Deputies with the following mandate: 3.1.3.1 to maintain the necessary contact between the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) and the Government of the Republic of South Africa. 3.1.3.2 liaises with organisations in civil society with which witnessing or cooperation would be beneficial to the church and Kingdom in South Africa. 3.1.3.3 to support the churches of the GKSA in their interaction with the authorities on different levels and, where necessary and possible, collaborate with other churches in liaising with the authorities. 3.1.3.4 cooperates with the "Parliament Desk" of the NG Kerk. 3.1.3.5 monitoring legislation and its implementation and, if necessary, offer comment effectively in reference to Scripture, the Confessions, Church Order, Synod decisions and Reformed ethics. 3.1.3.6 enters into discussion, when necessary, with the independent mechanisms the Constitution provides in support of constitutional democracy such as the Public Protector and the Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities of the Human Rights Commission. 3.1.3.7 liaises, where necessary, with other Deputy groups to coordinate discussion and commentary with the

tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer. 3.1.3.8 om die GKSA te verteenwoordig by die Ad-hoc komitee wat aanvanklik op die beskerming van Eiendomsreg gefokus het. 3.1.4 Die Sinode gee 'n mandaat aan die Deputate: 3.1.4.1 om, indien die huidige Deputate nie saak teen die tyd van die Sinode kon afhandel nie, die studie oor fundamentele regte vanuit 'n Christelik-Reformatoriese perspektief voort te sit en vir goedkeuring aan die volgende Sinode voor te hou. 3.1.4.2 om die GKSA op die Raad vir Godsdiensregte en Vryhede te verteenwoordig. 3.1.4.3 om saam met ander godsdienste oor sake van gemeenskaplike belang getuienis te lewer, in lyn met die beginsels en riglyne wat die Sinode van 2012 goedgekeur het.	authorities (other Deputies of the GKSA must first contact the Deputies Authorities before entering into discussion or offering comment). 3.1.3.8 represents the GKSA on the ad-hoc committee that initially focused on the protection of property rights. 3.1.4 The Synod gives the Deputies the mandate to: 3.1.4.1 continues with the study on fundamental rights from a Christian Reformed perspective, should the current Deputies not have been able to complete it, by the time of the Synod, and table it to the next Synod for approval. 3.1.4.2 represent the GKSA on the Council for Religious Rights and Freedoms. 3.1.4.3 testify on matters of common interest with other religions, in line with the principles and guidelines approved by Synod 2012.
Besluit: Met dank kennis geneem.	**Decision: Noted with thanks.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 *Algemene opmerkings oor uitvoering van opdrag*	2.1 *General remarks on execution of the mandate*
2.1.1 Aangesien die samewerking met en funksionering van die Tussenkerklike Raad baie effektief geword het en daar in die media sowel as van die owerheid beter reaksie op TKR insette was as op individuele insette, is die meeste van die opdragte tot getuienis teenoor die owerheid via die TKR gedoen. Van ons kant af is daar 'n leidende rol gespeel in die betrokke getuienis deur die TKR. Die TKR se interne masjinerie is vaartbelyn gemaak sodat binne die bestek van 'n voormiddag belangrike verklarings gemaak kan word. Die media het in die reël ook goeie dekking verleen aan verklarings deur die TKR, wat op sy beurt die kerke se roeping tot openbare getuienis ten goede gedien het.	2.1.1 Since the cooperation with and functioning of the Interchurch Council (ICC) have become quite efficient and the reaction of the media as well as the authorities on ICC and individual input has improved, most of the tasks related to testimony toward the authorities were done via the ICC. The Deputies played a leading role in the relevant testimony of the ICC. Its internal mechanisms were streamlined that important statements may be issued by the afternoon of the same day. The media usually gave good coverage to statements issued by the ICC that in turn served the churches' calling to public testimony.
2.1.2 Die Deputate het ook leiding geneem by verskie verklarings wat die Konvent vir Gereformeerde Kerke	2.1.2 The Deputies also took the lead with statements issued by the Convocation of Gereformeerde Kerke on matters

uitgereik het oor sake wat op die owerheid en maatskappy betrekking het.	related to the authorities and companies.
2.1.3 Die Deputate het deurgaans deur middel van die Gereformeerde Kerke se e-poslyste probeer om lidmate en Kerkrade op hoogte te hou van aksies en verklarings deur die Deputate Owerheid. Grootliks instemmende kommentaar is gereeld daarop ontvang.	2.1.3 The Deputies endeavoured throughout, by means of the GKSA's contact list, to keep members and Church Councils up to date with actions and statements made by the Deputies Authorities. Commentary received largely expressed agreement.
2.1.4 Dr SN Jooste is op die Deputate benoem, maar het om persoonlike redes versoek dat hy verskoon sal word.	2.1.4 Dr SN Jooste was appointed to the Deputies, but declined on personal grounds.
2.2 *Getuienis via voorleggings en verklarings uit eie midde*	2.2 *Testimony via presentations and statements locally*
2.2.1 <u>Brief van Deputate oor sensuur binne die SAUK.</u> Die Deputate het in Junie 2016 'n skrywe aan die SAUK Raad gerig en 'n verklaring gemaak waarin kommer uitgespreek is oor die wyse waarop sensuur oor joernaliste in die SAUK uitgeoefen word en 8 joernaliste as gevolg daarvan afgedank is. Die standpunt is ingeneem dat Godsdiensvryheid en mediavryheid onderlê word deur die beginsel van vryheid van uitdrukking. Indien die media se vryheid tot uitdrukking ingeperk word om staatsbelange te dien, sal godsdiensvryheid mettertyd ook in gedrang kom.	2.2.1 <u>Letter of Deputies on censoring within the SABC</u> The Deputies directed a letter to the SABC board and issued a statement in June 2016 expressing concern over the censoring of journalists of the SABS, whereby eight journalists were dismissed from employment. It was asserted that freedom of religion and media is based on freedom of expression. Should the media's freedom of expression be curtailed in service of government interests, freedom of religion will also eventually be threatened.
2.2.2 <u>Verklaring oor toename in geweld</u> Na aanleiding van die toenemende voorkoms van geweld, waaronder die vandalisme in Limpopo met die afbrand van skole en die moord op mnr Jannie Earlé, in lewe 'n lidmaat van Waterkloofrand, het die Deputate in Oktober 2016 'n oproep gedoen dat hierdie kultuur van geweld effektief verbreek moet word deur 'n gesamentlike, gekoordineerde en deurlopende aksieplan wat alle rolspelers in die gemeenskap betrek, en dat gemeenskapsleiers, sakelui, politici, opvoedkundige leiers, medialeiers, kuns-en kultuurleiers, veiligheidstrukture almal betrek moet word.	2.2.2 <u>Statement on increase in violence</u> Given the increase of violence, including vandalism in Limpopo with the burning of schools and the murder of mr Jannie Earlé (a member of the GK Waterkloofrand), the Deputies called in October 2016 for an effective end to this culture of violence by means of a collective, coordinated and continuous action plan that involves all role players in the community and the participation of community leaders, business, politicians, educational leaders, media leaders, arts and culture leaders and security structures.
2.2.3 <u>Verklaring oor Xenofobia</u> Die Deputate het in Maart 2017 'n verklaring uitgereik oor die	2.2.3 <u>Statement on Xenophobia</u> The Deputies issued a statement in March 2017 on the increasing

toenemende voorkoms en eskalering van vreemdelingehaat in Suid-Afrika. In die verklaring is die Bybelse beginsels oor die behandleing van vreemdelinge uitgespel.

2.3 *Getuienis via voorleggings en verklarings deur die Tussen Kerklike Raad (TKR)*

2.3.1 Voorlegging aan Parlement oor die *Wetsontwerp op die Voorkoming en Bestryding van Haatmisdade en Haatspraak*

Die TKR het in Januarie 2017 'n uitgebreide voorlegging aan die parlementêre Portfeuljekomitee oor Justisie gemaak waarin hulle ten sterkste aangeraai is om van die beoogde wetgewing af te sien. Daar is op gewys dat wetstoepassing aan subjektiewe oordeel uitgelewer sal word; dat gesonde verhoudinge nie deur wetgewing nie maar deur die leef van die Evangelie gebou word en dat die beoogde wetgewing juis rasseverhoudinge verder kan vertroebel. Daar is ook daarop gewys dat godsdiensvryheid deur die beoogde wetgewing in gedrang gebring kan word.

2.3.2 Voorlegging aan die art 185 *Kommissie vir die beskerming van die regte van Taal-, Kultuur en Godsdiensgemeenskappe* oor beoogde wetgewing oor die Kommersialisering van Godsdiens

Die TKR het die Kommissie in Februarie 2017 in 'n voorlegging versoek om van die beplande wetgewing af te sien. Daar is daarop gewys dat die bestaande wetgewing teen bedrog en uitbuiting net effektief toegepas moet word; dat die soewereiniteit van kerke ernstig in gedrang gebring word; dat uitgegaan word van 'n onskriftuurlike kerklike model. Die TKR het begrip vir die onding van uitbuitery van mense onder die dekmantel van godsdiens, maar met die beoogde wetgewing word nog groter probleme geskep.

'n Wetsontwerp is intussen opgestel en die TKR het die Portefeuljekomitee oor Saamwerkende Regering versoek om die geleentheid tot 'n mondelinge voorlegging te kry.

incidence and escalation of xenophobia in South Africa. The statement set out the Biblical principles on the treatment of strangers.

2.3 *Testimony via presentations and statements by the Interchurch Council (ICC)*

2.3.1 Presentation to parliament on the *draft Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill*

The ICC offered a comprehensive presentation in January 2017 to the parliamentary Portfolio Committee on Justice, in which they were strongly advised to abandon the proposed legislation. It was pointed out that enforcement of the bill would be vulnerable to subjective judgement; that sound relationships are not built on legislation, but a life based on the Gospel and that the proposed legislation would further muddy race relations. The threat of the proposed legislation to religious freedom was also raised.

2.3.2 Presentation to the art 185 *Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities* on the proposed legislation for the commercialisation of religion

The ICC requested the Commission at a presentation in February 2017 to abandon the envisioned legislation. Existing legislation just needed to be effectively enforced in terms of fraud and exploitation. The threat to the sovereignty of churches and the legislation being based on an unbiblical church model were pointed out. The ICC is fully aware of the travesty of exploitation by means of religion, but the proposed legislation would create even greater problems.

A draft bill has meanwhile been drawn up and the ICC requested the Portfolio Committee on Cooperative Governance to arrange an opportunity for a verbal presentation.

2.3.3 Probleme met die bevestiging van huwelike 'n Kommissie van die TKR het die Sekretaris van die Adjunk-Minister van Binnelandse Sake, adv Andrè Gaum, in 2016 in Kaapstad besoek. Tydens die gesprek is belowe om te kyk na maniere waarop die probleme wat wyd voorkom uitgeskakel kan word. Individuele probleme is ook onder sy aandag gebring. Tot op hede kan ons nie vordering in die verband rapporteer nie. 'n Aanbeveling in die verband sal in hierdie Rapport gemaak word.	2.3.3 Problems with registration of marriages A Commission of the ICC visited the Secretary of the Deputy Minister of Home Affairs, Adv Andrè Gaum, in 2016 in Cape Town. During this meeting, it was undertaken to see how widespread problems could be eliminated. Individual matters were also brought to his attention. No progress has been made to date. A recommendation will be made in this Report.
2.3.4 Verklaring en brief oor eskalering van misdaad Die TKR het in Februarie 2017 'n skrywe aan die minister van Polisie gerig en 'n openbare verklaring gemaak waarin 'n oproep gedoen is dat die regering sy mees-basiese verantwoordelikheid sal nakom, nl die beskerming van sy burgers se lewe en eiendom.	2.3.4 Statement and letter on escalation of crime The ICC directed a letter to the minister of police in February 2017 issuing a public statement calling for the government to fulfil its most basic responsibility, namely the protection of the lives and property of its citizens.
2.3.5 Skrywe aan die NUK van die ANC 'n Dringende Skrywe, in opvolging van 'n ontmoeting met die NUK (kyk 2.7) is in Maart 2017 aan hulle gerig oor staatskaping, kabinetsaan-stellings wat hoegenaamd nie die belang van die land en sy inwoners dien nie, en minagting deur die president van die Openbare Beskermer en selfs die hof. Die NUK is ernstig versoek om hul leier tot verantwoording te roep oor hierdie magsvergrype. Die skrywe sal in toekomstige ontmoetings opgevolg word.	2.3.5 Letter to the NEC of the ANC An urgent letter to the NEC, in follow-up to a meeting (see point 2.7) in March 2017 in reference to state hijacking, cabinet appointments in no way beneficial to the country and its citizens and the president's disregard of the Public Protector and even the court. The NEC was urgently requested to call their leader to account over this abuse of power. The letter will be followed up in future meetings.
2.3.6 Versoek aan Eskom oor kragonder-brekings Sondae ten tye van ere-dienste Die TKR het 'n skrywe aan die Bestuur van Eskom gerig waarin hulle versoek is om nie die kragtoevoer vir instandhoudingsdoeleindes te stop op tye wanneer kerke in die reël eredienste hou nie (Januarie 2017).	2.3.6 Request to Eskom over power failures Sundays during worship services The ICC wrote a letter to the Management of Eskom requesting it to cease cutting off power supply, for maintenance purposes, during times all churches usually hold worship services (January 2017).
2.3.7 Versoek aan SAOU om te onttrek van Godsdiens-in-Skole Hofsaak Die TKR het die Suid-Afrikaanse Onderwys Unie in April 2017 dringend versoek om as vriend van die hof uit die hofsaak oor Godsdiens	2.3.7 Request to SAEU to withdraw from religion in schools court case The ICC urgently requested the South African Education Union in April 2017 to withdraw, as friend of the court, from the case over religion in schools, since

in Skole te onttrek, aangesien die SAOU se finale betoog gebots het met die eedsverklaring waaronder hulle aanvanklik toegetree het. Die SAOU het toe onttrek, as gevolg van hierdie en ander ernstige vertoë daartoe. (Een daarvan deur die GKSA se Klassis Pretoria Moot).	the SAEU's final protest is in conflict with the oath they made upon entering the case. The SAEU withdrew, due to this and other serious urging (one of which from the GKSA's Classis Pretoria Moot).
2.3.8 <u>Kommentaar op die hofuitspraak oor Godsdiens in Skole</u> Die TKR het in 'n verklaring sy dank uitgespreek dat verreweg die meeste van die bedes van die aansoekers teen die praktyk van Godsdiens in skole, afgewys is (Junie 2017).	2.3.8 <u>Commentary on court verdict on religion in schools</u> The ICC issued a statement expressing its thanks that the vast majority of bids against religion in schools were rejected (June 2017).
2.4 *Getuienis via voorleggings en verklarings deur die Konvent van Gereformeerde Kerke* Een van die staande sake op die agenda van die jaarlikse vergadering van die Konvent, is die gesamentlike getuienis oor maatskaplike sake. Gedurende die afgelope termyn is die volgende sake aangespreek en openbare verklarings daaroor gemaak:	2.4 *Testimony via presentations and statements by the Convocation of Reformed Churches* One of the standing matters on the agenda of the annual meeting of the Convocation is the collective testimony on social welfare. During the past term the following matters were addressed and statements issued:
2.4.1 Misdaad en geweld, soos dit na vore kom in die koelbloedige plaasmoorde en geweld teen ander gemeenskappe.	2.4.1 Crime and violence, as seen in coldblooded farm murders and violence against other communities.
2.4.2 Die swak bestuur van maatskaplike toelaes deur die betrokke minister wat daartoe gelei het dat die mees weerlose mense in die samelewing ernstig benadeel kon word.	2.4.2 The bad management of welfare grants by the relevant minister that could have had a hugely detrimental impact on the most vulnerable members of society.
2.4.3 'n Beroep op lidkerke en hul lidmate om hul toe te wy aan versoening en harmonie tussen gemeenskappe.	2.4.3 A call on member churches and members to dedicate themselves to reconciliation and harmony between communities
2.5 *Getuienis via voorleggings en verklarings deur ander organisasies*	2.5 *Testimony via presentations and statements by other organisations*
2.5.1 <u>Inisiatief van burgerlike organisasies</u> Die Deputate het aktief deelgeneem aan 'n inisiatief onder leiding van dr Theuns Eloff, waardeur verskillende organisasies uit die burgerlike samelewing sedert Februarie 2016 ernstig besin het oor die krisissituasie in ons land wat veroorsaak word deur die gebrek aan regering in die algemene landsbelang. Daar is 'n verklaring uitgereik, nuuskonferensie gehou en 'n skrywe aan die Uitvoerende Komitee van die ANC gerig.	2.5.1 <u>Initiative of civil organisations</u> The Deputies actively participated in an initiative led by dr Theuns Eloff, in which a range of organisations from civil society have been deliberating since February 2016 on the critical state of our country, caused by the lack of governance in the best interest of the country. A statement was issued, a news conference held and letter addressed to the Executive Committee of the ANC.

2.6 *Getuienis via deelname*	2.6 *Testimony via participation*
2.6.1 <u>Ad Hoc Komitee oor Grondbesit (Acta 2015:135, 3.1.3.8)</u> In lyn met ons opdrag is die Deputate op die Ad Hoc komitee oor Grondbesit en Eiendomsreg verteenwoordig deur prof N Vorster en ds C Aucamp. Die Deputate se samewerking hier is om veral te getuig en saam te werk teen die onregmatige grondvergrype van die staat en tot versterking van die burgerllike samelewing. Die insette van die Deputate word waardeer en die bydrae van die Deputate is gebaseer op die Bybelse beginsels rakende eiendomsbesit en rentmeesterskap.	2.6.1 <u>Ad-hoc committee on land ownership (Acta 2015:135, 3.1.3.8)</u> In line with our mandate, the Deputies were represented by prof N Vorster and Rev C Aucamp on the Ad-hoc committee on Land Ownership and Property Rights. The Deputies participated by offering testimony and joining in the fight against the illegal land grabs of the state and strengthening civil society. The Deputies' input was appreciated and the contribution of the Deputies was based on the Biblical principles on property ownership and stewardship.
2.6.2 <u>Raad vir Godsdiensregte en Vryhede (Acta 2015:135, 3.1.2 en 3.1.4.2)</u> Die Deputate het die GKSA op die Raad verteenwoordig. Die Raad was nie baie aktief gedurende die laaste termyn nie. Die Raad het wel 'n voorlegging gemaak aan die Parlement dat die beoogde wetgewing teen die Kommersialisering van Godsdiens onttrek moet word.	2.6.2 <u>Council for Religious Freedoms and Rights (Acta 2015:135 3.1.2 and 3.1.4.2)</u> The Deputies represented the GKSA on the Council. The Council wasn't particularly active the past term, but did present a proposal to Parliament to withdraw the envisioned legislation on the commercialisation of religion.
2.6.3 <u>Binnelandse Sake</u> Die Deputate het die sake waaroor die TKR met die sekretaris van die Adjunk Minister ooreengekom het so ver moontlik probeer opvolg, en ook aan individuele probleme aandag gegee. Die situasie is steeds nie bevredigend nie. Uit 'n opname onder Gereformeerde predikante blyk dat ongeveer 20% van predikante probleme ondervind in die uitvoering van hul taak as huweliksbevestigers.	2.6.3 <u>Home Affairs</u> The Deputies endeavoured as far as possible to follow up on the matters the ICC agreed with the secretary of the Deputy Minister, including individual cases. The response remains unsatisfactory. A survey among Reformed ministers indicates that approximately 20% of ministers encounter problems in conducting marriage ceremonies.
2.6.4 <u>Inisiatief vir versoening</u> Uit verskeie segmente van die samelewing het die behoefte ontstaan dat 'n nuwe inisiatief geloods moet word wat geleentheid tot gesprek en versoening bied aan partye wat tydens die *struggle*-era aan weerskante van die stryd gestaan het. Die inisiatief sou behels om hulle by mekaar uit te kry, na mekaar uit te reik en sodoende sake wat versoening belemmer aan te spreek. 'n Breë verteenwoordiging van die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika is in Februarie 2016 versoek	2.6.4 <u>Initiative for reconciliation</u> The need has arisen, from various segments of society, for launching an initiative that would create the opportunity for discussion and reconciliation between parties who fought on opposing sides during the *struggle* era. The initiative would entail arranging for them to meet to facilitate reaching out and addressing the impediments to reconciliation. A broad spectrum of the church community in South Africa was requested in February 2016 to participate and assist.

om hieraan mee te doen en behulpsaam te wees.

Ds Aucamp van die Deputate het ‘n hele aantal vergaderings hieroor bygewoon. Die aandrang was om Jeugdag, 16 Junie te gebruik vir ‘n groot openbare samekoms en handreiking tussen die sg *conscript generation* en die *June 16 Generation.* Ons standpunt hieroor was dat 16 Junie vanweë die historiese gebeure nie die geskikte datum vir so inisiatief is nie. Daar is egter daarmee deurgegaan. Gevolglik het die Deputate hul van die inisiatief onttrek. Die ander rolspelers het begrip vir ons standpunt gehad. Die geleentheid het toe op 16 Junie 2016 in die Orlando Stadion plaasgevind, maar is baie swak bygewoon.

Rev C Aucamp of the Deputies attended a number of meetings in this regard. The proposal was to arrange a large public gathering on Youth Day, 16 June, for extending the hand between the so-called *conscript generation* and the *June 16 generation.* We asserted that given the historic events of 16 June, it would not be the appropriate date for such an initiative. It nevertheless went ahead. The Deputies withdrew from the initiative, which the other role players quite understood. The event went ahead on 16 June 2016 in Orlando Stadium, but was poorly attended.

2.7 *Getuienis teenoor die ANC*

Hierdie getuienis is ook via die TKR gedoen, maar ons rapporteer afsonderlik daaroor. Ds Aucamp en prof N Vorster het die GKSA in hierdie optrede verteenwoordig.

2.7 *Testimony to the ANC*

This testimony occurred via the ICC, but we also report as follows. Rev C Aucamp and prof N Vorster represented the GKSA.

2.7.1 <u>Weiering van TKR om ANC konferensie van Godsdiensleiers by te woon</u>

Die TKR en die drie kerke daarin verteenwoordig het in Mei 2016 ‘n uitnodiging van die Sekretaris-Generaal van die ANC ontvang om deel te neem aan ‘n gesprek tussen die ANC en kerklike leiers tydens ‘n konferensie wat deur die ANC gereël is. Die drie kerke het binne die TKR eenstemmigheid verkry om die uitnodiging nie te aanvaar nie. Die TKR het daaroor ‘n ope brief vrygestel waarin gewys is op optrede van die ANC en sy leiers wat daarop dui dat daar nie die nodige geloofwaardigheid bestaan om ‘n sinvolle gesprek te voer waarin beloftes gemaak en nagekom kan word nie. In die verlede het sulke ontmoetings dikwels op ‘n blote media oefening uitgeloop.

Daar was groot reaksie op die weiering van die TKR en plakkate op lamppale het gelui *Kerke sê nee vir ANC.* Ds Aucamp het ook hieroor in die televisieprogram Robinson regstreeks deelgeneem.

Die ANC was besorg oor die weiering

2.7.1 <u>Refusal of ICC to attend the ANC conference of religious leaders</u>

The ICC and three churches represented there received an invitation from the Secretary General of the ANC in May 2016 to participate in a discussion between the ANC and church leaders, at a conference arranged by the ANC. The three churches of the ICC reached consensus to not accept the invitation and issued an open letter indicating that the conduct of the ANC and its leaders does not inspire the necessary credibility for a meaningful discussion for the making and fulfilment of promises. Such meetings often resulted in being a purely public relations exercise in the past.

The refusal elicited a huge response and the posters on street lights proclaimed *Churches say no to ANC.* Rev C Aucamp also participated in a live television programme called Robinson.

The refusal concerned the ANC and

en het onmiddellik ‘n afvaardiging na die TKR gestuur om te verneem wat ons besware is en hoe dit aangespreek kan word.	they immediately sent a delegation to the ICC to enquire about the objections and how they may be addressed.
2.7.2 <u>Ontmoeting met NUK in Luthuli-Huis</u> Voortspruitend uit die onmoeting het ‘n sterk afvaardiging van die TKR vier van die ses lede van die ANC se Nasionale Uitvoerende komitee en ander ANC leiers en amptenare op 4 Augustus 2015 in Luthuli-huis ontmoet vir ‘n vergadering waarvan die die agenda deur die TKR opgestel en deur die ANC aanvaar is. Die afvaardiging van die TKR het ten aanvang dit duidelik gestel dat ons as kerke nie wil inmeng in die politeke proses nie, maar ons Christelike roeping wil uitleef om teenoor die owerheid te getuig. Die kerke wil en moet getuig van versoening – nie as ‘n politieke program nie, maar as ‘n geestelike verantwoordelikheid. Van die TKR se kant is die volgende drie sake op die agenda geplaas: • Sosiale Kohesie • Volhoubare ekonomiese groei • Die morele vesel van ons gemeenskap, burgerlik sowel as staatlik. Tydens die drie-ure ontmoeting is die roeping en posisionering van die kerke duidelik uitgespel asook die unieke “eerste” van so ‘n spesifieke ontmoeting. Daarna is die drie agendapunte kortliks deur lede van die TKR gestel. Die verteen-woordigers van die TKR het dit duidelik aan die lede van die NUK gestel dat die geloofwaardigheid van hul leier en president in ‘n krisis is, en dat baie gebeure daarop dui dat hy nie meer in landsbelang regeer nie. Mnr Mantashe en Me Duarte het breedvoerig daarop geantwoord, en ander lede van die twee afvaardigings het ook standpunte gestel. Teen die einde van die drie ure gesprek is saamgestem dat ons nog oor talle sake by mekaar verbypraat, en dat die eerste ontmoeting inderdaad net die water getoets het en ‘n basis gelê het vir toekomstige gesprekke.	2.7.2 <u>Meeting with NEC at Luthuli House</u> Subsequent to the meeting, a strong delegation of four of the six members of the ICC met with members of the ANC’s National Executive Committee and other ANC leaders and officials on 4 August 2015 at Luthuli House to address an agenda compiled by the ICC and approved by the ANC. The ICC’s delegation made it clear from the start that the churches have no intention of interfering in political process, but seek to fulfil our Christian calling to witness to the authorities about reconciliation – not as a political programme, but as a spiritual responsibility. The ICC placed the following three matters on the agenda: • Social cohesion • Sustainable economic growth • The moral fibre of our community, civil as well as state During the three-hour meeting the calling and position of the churches were clearly spelt out as well as the unique “first” of this kind of meeting. Then the ICC briefly put forward the three agenda items. The ICC representatives made no bones about the lack of credibility of their leader and president and that events reflect that he is no longer governing in the best interest of the country. Mr Mantashe and Me Duarte responded at length and other members of the two delegations offered their views as well. Upon conclusion of the three-hour meeting, it was agreed that in quite a few matters we were failing to connect and that this was to be the first meeting to test the so-called waters and lay the foundation for future discussion.

‘n Sub-komitee is aangewys om ‘n spesifieke agenda asook die skedulering van ‘n volgende gesprek vas te stel.	A sub-committee was appointed to draft a specific agenda and schedule the next meeting.
2.7.3 <u>Opvolg van gesprek</u> Die moontlike agenda van ‘n toekomstige gesprek is deur die sub-komitee vasgestel. Vanweë verskeie faktore kon die gesprek nie plaasvind nie. Die TKR beoog om vroeg in 2018 die gesprek op te volg met die nuwe leierskap van die ANC. In ‘n opvolgverklaring na die hofuitspraak oor Nkandla en die Gupta-sage is die NUK in ‘n skrywe gewys op die TKR se versoek tydens die gesprek in Luthuli-huis, naamlik dat die NUK hul leier tot verantwoording moes roep. Die hofuitsprake het die korrektheid van ons oproep bewys.	2.7.3 <u>Follow up on meeting</u> The possible agenda for a future meeting was drafted by the sub-committee. Due to a number of factors, the meeting could not take place. The ICC intends to follow up on this early 2018 with the new leadership of the ANC. The ICC reminded the NEC, in a follow-up statement subsequent to the legal verdict on the Nkandla and Gupta saga, of their request at Luthuli House for the NEC to call their leader to account. The court verdicts proved the validity of this call.
2.8 *Ontmoeting met die Motsepe Stigting* Die meeste kerke in Suid-Afrika is genooi na twee byeenkomste wat deur mnr Patrice Motsepe gereël is. Tydens die geleenthede is breedvoerig gesprek gevoer oor die aanspreek van die morele krisis in die land. Die Stigting het sigself ook geroepe gevoel om aan kerke ‘n bydrae te maak vir aanwending in die opheffing van gemeenskappe. Die GKSA het in 2015/16 die bedrag van R175 000 ontvang, en in die 2016/17 boekjaar R200 000. Die R175 000 is oorgedra na die Bolandse Bedieningsfonds. Die R200 000 is soos volg verdeel: R75 000 aan elke van die twee Kinderhuise van die GKSA, en R50 000 aan *Docenda,* spesifiek vir gemeenskaps-ontwikkeling wat met hul opleidings-program gepaardgaan. Die Deputate het reeds terugvoering ontvang oor die sinvolle aanwending van die 2016 skenking, en wag sodanige terugvoering in vir aanwending van die 2017 skenkings. Die Deputate het telkens groot dank en waardering teenoor mnr Motsepe en die personeel van die Stigting uitgespreek.	2.8 *Meeting with the Motsepe Foundation* Most of the churches in South Africa were invited to two events arranged by Mr Patrice Motsepe. These events entailed comprehensive discussion on addressing the moral crisis in the country. The Foundation itself felt obliged to make a contribution to the churches for the upliftment of communities. The GKSA received an amount of R175 000 in 2015/16 and R200 000 for the 2016/17 financial year. The R175 000 was transferred to the Bolandse Bedieningsfonds (Boland Ministry Fund) and the R200 000 was distributed as follows: R75 000 went to each of the two children’s homes of the GKSA and R50 000 to *Docenda,* specifically toward community development associated with their training programme. The Deputies have already received feedback on the meaningful application of the 2016 donation and await feedback on the 2017 donations. The Deputies expressed their sincere gratitude and appreciation to Mr Motsepe and the staff of the Foundation for their generosity.
2.9 *Deelname aan die Parlementêre Lessenaar van die NG Kerk* (Acta 2015:135, 3.1.3.4) Dit wil voorkom asof die Lessenaar sedert die emeritering van sy vorige	2.9 *Participation with the Parliamentary Desk of the NG Kerk* (Acta 2015:135, 3.1.3.4) It would seem that the Desk no longer functions effectively since the retirement

bestuurder nie meer effektief funksioneer nie. Geen insette oor komende wetgewing of voorleggings is ontvang nie. Die Deputate sal nie aanbeveel dat daar weer 'n opdrag hieroor gegee word nie.	of its previous manager. No input on imminent legislation or proposals was received. The Deputies would not recommend that further instruction be given in this regard.
2.10 *Skakeling met ander Deputate* (Acta 2015:135, 3.1.3.7) Aangesien 'n groot deel van die getuienistaak van die Deputate via die TKR en ander ekumeniese liggame geskied het, was dit moeilik om in elke geval vooraf met die Deputate wat op die spesifiek terrein arbei, te skakel. Gesprekke het wel plaasgevind met die Deputate Christelike Onderwys en Deputate Diakonale Sake, terwyl voortdurend geskakel en gekoördineer is met die Deputate Ekumenies Binnelands.	2.10 *Liaising with other Deputies* (Acta 2015:135, 3.1.3.7) The large part of the testimony task of the Deputies occurring via the ICC and other ecumenical bodies made it difficult to liaise with the Deputies of the relevant terrain beforehand each time. Meetings were, however, held with the Deputies Christian Education and Deputies Diaconal Affairs, while there was continuous interaction and coordination with the Deputies Ecumenical Affairs (national).
2.11 *Studie oor fundamentele regte* (Acta 2015:135, 3.1.4.1) Die studie is nie betyds afgehandel vir opname in die Agenda nie en sal DV in die Aanvullende Agenda opgeneem word.	2.11 *Study on fundamental rights* (Acta 2015:135, 3.1.4.1) The study was not completed in time for inclusion on the agenda and will DV be taken up in the Supplementary Agenda.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.11 met dank kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.11 noted with thanks.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit <u>Aanbevelings</u>	**3. Matters that the Synod decide on** <u>Recommendations</u>
3.1 Die Sinode neem kennis van die werk van die Deputate.	3.1 The Synod is to take note of the work of the Deputies.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.2 Die Sinode wys weer Deputate aan met die volgende opdrag:	3.2 The Synod is to appoint Deputies with the instruction to:
3.2.1 om namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika te onderhou.	3.2.1 maintain the necessary contact with the Government of the Republic of South Africa, on behalf of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
3.2.2 om te skakel met organe van die burgerlike samelewing waar getuienis of samewerking bevorderlik sal wees vir kerk en koninkryk in Suid-Afrika.	3.2.2 liaise with organisations in civil society with which witnessing or cooperation would be beneficial to the church and Kingdom in South Africa.
3.2.3 om kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke, insluitend politieke partye waar nodig.	3.2.3 support the churches of the GKSA in their interaction with the authorities on different levels and political parties, where necessary.
3.2.4 om voort te gaan om openbare getuienis te lewer en skakeling met die owerhede te doen via die Tussen Kerklike Raad en ander kerke en ekumeniese liggame waarvan die GKSA deel is.	3.2.4 continue offering public testimony and interact with the authorities via the Interchurch Council and other churches and ecumenical bodies with which the GKSA is associated.
3.2.5 om wetgewing en die uitvoering	3.2.5 monitor legislation and its

daarvan te monitor en indien nodig, in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek op die mees effektiewe wyse daarop kommentaar lewer.	implementation and, if necessary, offer comment effectively in reference to Scripture, the Confessions, church order, synod decisions and Reformed ethics.
3.2.6 om, wanneer nodig, in gesprek te tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv die Openbare Beskermer, die Kommissie vir Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Mense-regte-kommissie.	3.2.6 enter into discussion, when necessary, with the independent mechanisms the Constitution provides in support of constitutional democracy such as the Public Protector and the Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities of the Human Rights Commission.
3.2.7 om, waar nodig, met ander Deputategroepe te skakel sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer.	3.2.7 liaise, where necessary, with other deputy groups to coordinate discussion and commentary with the authorities (other Deputies of the GKSA must first contact the Deputies Authorities before entering into discussion or offering comment).
3.2.8 om die GKSA te verteenwoordig by die Ad-hoc komitee wat aanvanklik op die beskerming van Eiendomsreg gefokus het.	3.2.8 represent the GKSA at the ad-hoc committee that initially focused on the protection of property rights.
3.2.9 om die GKSA te verteenwoordig op die Raad vir Godsdiensregte en Vryhede.	3.2.9 represent the GKSA on the Council for Religious Freedoms and Rights.
3.2.10 om, in oorleg met die Deputate vir Diakonale Sake die GKSA te verteenwoordig by gesprekke en ontmoetings met die Motsepe Stigting.	3.2.10 represent the GKSA at meetings with the Motsepe Foundation, in consultation with the Deputies Diaconal Affairs.
3.2.11 om met verteenwoordigers van die Departement Binnelandse Sake te skakel ten einde die logistieke probleme met betrekking tot die registrasie van huwelikke uit te skakel.	3.2.11 contact the representatives of the Department of Home Affairs to eliminate the logistical problems related to the registration of marriages.
Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.11 goedgekeur.	**Decision: Points 3.2.1 to 3.2.11 approved.**
3.2.12 om saam met ander godsdienste oor sake van gemeenskaplike belang getuienis te lewer, met dienverstande met nougesette inagneming van die beginsels en riglyne wat die Sinode van 2012 goedgekeur het.	3.2.12 testify on matters of common interest with other religions, in line with the principles and guidelines approved by Synod 2012.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**

D. **TOELIGTING OOR PT 3.2.12 / ELUCIDATION ON PT 3.2.12**

1. Versoek van Sinode: Om nader toeligting oor die besluit te gee.	1. Request of Synod: To give further elucidation of the decision.
1.1 Sinode 2012 (p162, 2) het die volgende mandaat aan die Deputate Owerheid gegee: "*Die Sinode gee aan die Deputate Owerheid die mandaat om saam met ander godsdienste oor sake van gemeenskaplike belang getuienis te lewer, met dien verstande dat die unieke begronding van die Christelike etiek nie in gedrang kom nie en sodanige getuienis geskied binne die raamwerk van KO, art 49".* *Motivering: Dat die Deputate in die uitvoering van sy opdrag met die problematiek te doen kry.*	1.1 Synod 2012 (p162, 2) gave the following mandate to Deputies Authorities: "*The Synod gives Deputies Authorities the mandate to witness together other religions concerning matters of common interest while making sure that the unique foundation of Christian ethics are not compromised and that such witness is done within the framework of CO, art 49".* *Motivation: That the Deputies in the execution of their mandate are confronted with such problems.*
1.2 Aanbeveling: Punt 3.2.12 van die Deputaterapport wil slegs uitvoering gee aan die opdrag van Sinode 2012.	1.2 Aanbeveling: Point 3.2.12 of the Report of the Deputies would only like to execute the mandate of 2012.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**